



VOLKSVERGADERING

Hierdie byeenkoms vind plaas ingevolge die besluite van die Volksvergaderings sedert die Vegkop Volksvergadering van 2009 i, asook:

Deut.16:16 “Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die Aangesig van die HERE jou God [JHWH (¹)] verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op **die fees van die ongesuurde brode** en op **die fees van die weke** en op **die huttefees**; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van die HERE [JHWH] verskyn nie;”

Die 12de Volksvergadering van die Geloftevolke in Suid-Afrika,

Datum en Plek: D.V. 3-4 Oktober 2020 in die saal van Orania Volksskool.

WEENS DIE RAMPBESTUURSWETGEWING KON DIE **AGTSTE VERBONDSMAAL- EN VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLKE IN SUID-AFRIKA** NIE TYDENS PAASNAWEEK PLAASVIND NIE. DIE SAKELYS IS DERHALWE OORGEDRA NA DIE VOLGENDE GESKEDULEERDE GELEENTHEID SOOS HIERBO VERMELD.

In terme van die Wet op Rampbestuur [2002], wat gedurende Maart 2020 van krag geword het, word volksgenote uitgenooi om persoonlik of via ZOOM deel te neem aan hierdie vergadering. Rig asb. u voorneme aan inligting@volksvergadering.co.za of skakel 0824554303 verkieslik via whatsapp of skryf aan flip.swanepoel@gmail.com

U kan ook aansluit by die whatsapp groep om op hoogte bly van enige verdere verwikkelinge: <https://chat.whatsapp.com/E0QrNsWz1I037tHkAPQ3pS>

Na gelang van die wysiging binne die betrokke wetgewing sal die bywoning dien-oreenkomstig aangepas word en ook op fb: *Volksvergadering – Soek My en julle sal lewe* op datum gehou word. Hiermee die skakel: https://web.facebook.com/groups/67798931573/?_rdc=1&_rdr

¹ **JaHWeH/die HERE:** Die 1993 Nuwe Vertaling van die Bybel onder redaksie van Prof. W. Vosloo en Prof. F. van Rensburg beskryf in die voetnotas die **bekendmaking van die Naam van die HERE**. Die naam “Jahwe” is bekendgemaak toe Moses na die Naam van God vra. Hier is die eerste keer wat die eienaam “Jahwe” bekendgemaak was. (Bron: Bybel in Praktyk, 1993, Eks. 3, Eks. 6, p.98,99,102,103).

Jahshua/Jesus. Die 1995 Almanak en Bybelse dagboek van die Hervormde Kerk verduidelik die oorsprong van die naam “Jesus”. “Die benaming, Jesus, is die Griekse weergawe van die bekende Hebreeuse naam **Jeshua, Joshua, Jehoshua** wat beteken: **Jahwe is heil, redding en verlossing.**” (Bron: NHK Bybelse dagboek, 17 Maart 1995, p.56)

Tema:
‘n Loflied op die Almag en Genade van JHWH

Met die tema in gedagte, moet ons deelname aan die volksvergadering sodanig wees dat dit sal getuig van die Almag en Genade van JaHWeH [die HERE]. Wanneer ons i.t.v. Deut.16:16 voor Sy Aangesig verskyn, sal dit gepas wees as ons optrede van ‘n loflied sal spreek soos opgeteken in Ps.95:2 [2], want Hy woon onder die lofsange van Israel Ps.22:4 [3].

Hierdie byeenkoms wat in terme van Deut.16:16 geskeduleer is vir die tyd waarin die Huttefees herdenk moet word, het sy ontstaan te danke aan die herinnering aan die verblyf in die woestyn in tente [hutte]. Binne hierdie verband word die Almag en Genade van JaHWeH [die HERE] deel van ons alledaagse bestaan in die voortdurende herinnering aan Sy Wonderdade sedert die aanloop tot die uittog uit die Egiptiese slawerny.

Volgens Deut.16:16 berus die aanwys van die vergaderplek by JaHWeH, wat in hierdie geval Orania is. U kan met reg vra, maar hoe op aarde kan die sameroepers van hierdie byeenkoms so iets sê? Die eenvoudige antwoord is dat God ‘n sisteem daar gestel het waardeur Hy geraadpleeg kan word ten einde Sy Wil te wete te kom [4]. Ons is bewus daarvan, en het begrip daarvoor dat meeste Skrifgelowiges nie kennis dra van die sisteem nie, wat die bekendstelling hiervan soveel noodsaakliker maak. Naas die vergaderplek is die besprekingspunte en sprekers ook deur God Almagtig aangewys by wyse van die sisteem, wat bestaan uit Raadpleging en lotsbeslissing –

Spreek 16:33 In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE [JHWH].

Min mense weet dat Andries Pretorius by wyse van lotsbeslissing ⁵ as die bevelvoerder van die Kommando teen Dingaan aangewys is, waartydens God ‘n gelofte met Hom toegelaat het. Matthías as 12de apostel in die plek van Judas, is ook by wyse van lotsbeslissing aangewys - Hand.1:26 [6]. Naas grootskaalse onkunde onder ons as volk, het lotsbeslissing vir sommige volksgenote ‘n bespotting geword, tot oneer van JHWH [die HERE] wat Sy Wil en Weë deur die Skifte bekend maak.

Die huidige toedrag van sake m.b.t die politieke- en morele stand in hierdie land, noop mense om selfondersoek te doen [om die balk in eie oog te soek], wat die heroorweging van tradisionele geloofsopinies noodsaak. Binne hierdie verband is dit ‘n kerklike oortuiging dat die Ou Testament afgehandel is, wat waar is, maar dit beteken nie dat die inhoud van die Skrifte wat as Die Ou-Testament in die Bybel gedokumenteerd is, afgehandel is nie. Ons verkeer tans onder die vloeke soos beskryf in Deut.28 en verwag die instelling van die Nuwe Verbond soos geprofeteer is in Jer.31:33-34 [7]. Sag.14

² Ps.95:2 Laat ons Sy Aangesig tegemoetgaan met lof, met lofsange Hom toejuig!

³ Ps.22:4 Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!

⁴ Sien die studie Die Lotkroniek - https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2014111581230_item_2014-04-07-Die-Lot-Kroniek-9.2.pdf

⁵ Sien: "Journaal der Expeditie van de uitgewekene Boeren ..." gehou deur JG Bantjes in Bylae tot De Zuid-Afrikaan, 14 Juny (sic) 1839. Foto aan einde van hierdie dokument.

⁶ Hand.1:26 Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

⁷ Jer.31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees. :34 En hulle sal

spreek van die wederkoms, Ps.22 van die “kruisiging” en dies meer, en Paulus sê dat die **hele Skrif** is gegee tot lering, ens. [8]. Paulus het in 2Tim.3:13-17 na die Ou Testamentiese geskrifte verwys.

Vir te lank het hierdie volk hul deur hul eie begeerlikhede en verleiers laat lei, vanwaar die gebrek aan kennis van bv. lotsbeslissing. Daarom gaan dit met ons soos beskryf in Jes.30:1-3, waar ons planne uitvoer wat nie van Hom af is nie, verbonde sluit wat nie deur Sy Gees gedrewe is nie, wat hul toevlug soek by oorseese moonthede en op prinse vertrou, maar wat weier om God se Mond te raadpleeg; daarom moet hulle wat op prinse- en die vleeslike arm vertrou, hierdie Skrifverwysings as ‘n waarskuwing beskou, andersins sal dit die onverskilliges tot skande wees. Jesaja sê in hoofstuk 8 verse 19-20 dat Sy volk Hom moet raadpleeg, en indien nie, daar vir hul geen dageraad sal wees nie.

Daarom word hierdie herinnering aan God se opdrag met vrymoedigheid aan u as Sy volk gerig. As hierdie volk ‘n nuwe dagbreek wil beleef, sal ons ons eiesinnigheid moet laat staan en ons onderwerp aan God se Wil by wyse van Raadpleging en Lotsbeslissing soos in Jes.8:19-20 en Jes.30:1-3 uitgewys is.

In **Sef.1:6** staan die volgende: “Ook die wat van die **HERE** **afvallig** word en **wat die HERE nie soek en Hom nie raadpleeg nie.**” Vanaf die begin van die hoofstuk word verskeie gruwels beskryf waarvoor JHWH [die HERE] besoeking sal doen, waaronder hulle wat Hom nie deur raadpleging soek, ter sprake is. Ons verkeer onder ‘n gees van afvalligheid, lees weer Sef.1:6!

Ons opregte en ernstige oproep tot u is, dat u onbevooroordeeld die Skrifte sal ondersoek en God se Wil sal soek en doen.

Hierdie kennisgewing om die Huttefees te herdenk en die gepaardgaande volksvergadering by te woon, is eintlik in terme van **Deut.16:16** ‘n oproepinstruksie:

Die feeste, wat deel is van die Wet, moet nog steeds herdenk word. Paulus het in Hand.18:21 hom voorgeneem om die volgende fees by te woon en in Kolosense 2:16 het hy die volgende geskrywe: “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie,”. Christus as offer het die Levitiese offers volbring en die Melgisedek Orde ingestel, waarvan Hy ewige Hoë Priester is. Paulus, ‘n Apostel in Sy diens, het die bestaan van die feeste erken, en erken ons dit met die herdenking van die Nagmaal, Pinkster en Huttefees. Die **Orde van Melgisedek** kan tog nie sonder orde/wette wees nie!

Die doel van dié byeenkomste is om eietydse- geloofsvraagstukke en toekomsverwagtinge binne die Geloftesvolk aan te spreek. Die nastrewing van ‘n Teokratiese bestel [9] soos besluit tydens die 2009 Volksvergadering, herinner mens

nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

⁸ **2Tim.3:13** Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word. **:14** Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, **:15 en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. :16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, :17** sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

⁹ Die totstandkoming van ‘n Teokratiese bestel is deel van die besluite van die 2009 Vegkop Volksvergadering. Hiermee die vernaamste besluite wat tydens dié Volksvergadering geneem is:

1. **Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes**, naamlik: Van Riebeeck Gelofte 1654, Bloedrivier Gelofte 1838 en Paardekraal 1880. [Majubadag as dag van verootmoediging en eerbied teenoor God Almagtig geniet dieselfde status as die Geloftes.]

6. Die **toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftesvolk, Skrifgefundeerd** (op Bybel gegrond) moet wees.

daaraan dat jy jou moet beywer vir die Koninkryk van die hemele soos dit in die evangelies opgeteken is, met JaHshua [Jesus] as koning. Binne Bybelse- en taalkundige terme kom dit neer op 'n Melgisedek-krasie. JaHshua **is** vir ewig Hoë Priester volgens die Orde van Melgisedek. Hierdie Orde is nie deel van die sekulêre Nuwe Wêreldorde nie [NWO].

Die tempo waarteen die NWO beslag kry, noop ons om ons huis in orde te kry. Binne gelofteverband moet 'n huis gestig word waar dit God behaag, wat beteken dat 'n bestel volgens Bybelse norme tot stand moet kom [10]. Met dit in gedagte is dit baie betekenisvol dat besprekingspunte soos “*Die Orde van Melgisedek*” en “*JaHshua as Leerowerste in ons midde*” by wyse van lotsbeslissing op die sakelys is. Dit beklemtoon die erns van die saak dat ons ons huis in orde moet kry, welke huis in terme van die 1838 Geloofte tussen God en volk ooreengekom is en die taak van die geloftepligtiges is:

“*dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—*
“*om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, **een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen**”— en dat zy ook moesten afsmeaken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden.*” [11].

Ons staan voor 'n keuse: om deel te word van die NWO, of om as Sy verstrooide gemeente hier duskant die riviere van Kus by Sy Naam skulping te soek [Sef.3:9-12].

Hiermee is volksgenote wat Jahshua die Messias [Jesus die Christus] bely as die Seun van JaHWeH [die HERE] [Joh.19:7], die 1933/53 Afrikaanse Bybel as openbaarmaking van die Wil en Werke van God Almagtig aanvaar, en wie se lewe en strewe dit is om Sy Wil te doen, welkom om hierdie verrigtinge by te woon met inagnome van die ordereëlings - bl. 5-7.

SAKELYS

Saterdag 3 Oktober

08h00- 08h45	Opening, verwelkoming en ordening.
08h45 – 09h15	Jahshuah as die Leerowerste in ons midde – <i>Dr. Ronnie van der Merwe</i>
09h15 – 09h45	Bespreking
09h45 - 10h00	Blaaskans
10h00 - 10h30	Die skriftuurlike betekenis van Paardekraal- <i>Phillip Groenenstein</i>
10h30 - 11h00	Bespreking
11h00 - 11h30	Die Melgisedek Orde - <i>Flip Swanepoel</i>
11h30 - 12h00	Bespreking

9. **Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis.** 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging. [*Dit is tydens die 2010 Volksvergadering te Nampo voorgelê en aanvaar met die wysiging van een paragraaf, wat voorgelê en algemeen aanvaar is tydens die 2011 Volksvergadering te Orania.*]

Die Gelooftevolk Koördineringskomitee is nie 'n organisasie nie en is deur die volk aangewys tydens die 2009 Volksvergadering, met die taak om die besluite van die Gelooftevolk ten uitvoere te bring.

¹⁰ https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Geloofte.pdf

¹¹ Aanhaling uit die Joernaal van die Strafekspedisie teen Dingaan, gehou deur JG Bantjes, gepubliseer in De Zuid-Afrikaan, 14 Juny(sic) 1839. Besikbaar in: https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2014111575959_item_2011-08-26-Outentieke-Geloofte-van-Bloedrivier.pdf

12h00 – 12h30	Jes.8:19-20 [12] - <i>Johan Erasmus</i>
12h30 – 13h00	Bespreking
13h00 - 14h00	Ete – selfvoorsienend.
14h00 – 14h30	Jes.30:1-3 [13] – <i>Pieter Kruger</i>
14h30 – 15h00	Bespreking
15h00 – 15h30	Verhouding [verwantskap] tussen die Verbondsark en die te stigte huis van Bloedrivier - <i>Migael Lombard</i>
15h30 – 16h00	Blaaskans
16h00 – 16h30	Bespreking
16h30 - 17h00	Samevatting van dag se verrigtinge
17h00	Dag afsluiting en gesellig saam verkeer daarna

Sondag 4 Oktober

08h00- 08h15	Verwelkoming en ordening.
08h15 – 09h15	Verootmoedigings diens – <i>Willie du Plessis</i>
09h15 – 09h30	Blaaskans
09h30 - 10h00	Geloftevolk as diensknegte van die Allerhoogste – <i>Kobus Botes</i>
10h00 - 10h30	Bespreking
10h30 - 11h00	Dan.9:24,25 [14] – <i>Tienie Dumas</i>
11h00 - 11h15	Blaaskans
11h15 – 11h45	Bespreking
11h45 – 12h15	Skriftuurlike betekenis van land m.b.t. ons volksgeloftes - <i>Carel Lehmann</i>
12h15 – 12h45	Bespreking
12h45 – 14h00	Ete selfvoorsienend
14h00 – 14h30	Die geestelike betekenis van Rigters 7:7-9 [15] - <i>Jurgens van Zyl</i>
14h30 - 15h00	Bespreking
15h00 – 15h30	Opstelling van die Handeling van die Volksvergadering
15h30	Afsluiting

Ordereelings van die Volksvergaderings van die Geloftevolk in Suid-Afrika

¹² **Jes.8:19** En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? **:20** Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie.

¹³ **Jes.30:1** Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat ‘n plan uitvoer, maar dit is nie uit My nie; wat ‘n verbond sluit, en dit is nie uit my Gees nie, om sonde op sonde te stapel; **:2** wat gaan om na Egipte af te trek, en hulle raadpleeg my mond nie, om toevlug te soek onder die beskutting van Farao en om te skuil in die skaduwee van Egipte. **:3** Maar die beskutting van Farao sal julle tot skande wees, en die skuiling in die skaduwee van Egipte tot smaadheid.

¹⁴ **Dan,9:24** Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. **:25** Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.

¹⁵ **Rig.7:7** Toe sê die HERE vir Gideon: Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle verlos en die Midianiete in jou hand gee; maar al die ander manskappe kan elkeen na sy woonplek gaan. **:8** Daarop neem hulle die padkos van die manskappe en hulle ramshorings in hul hand; en hy het al die manskappe van Israel laat gaan, elkeen na sy tente toe; maar die drie honderd man het hy agtergehou, terwyl die laer van die Midianiete onderkant hom in die laagte was. **:9** En daardie nag het die HERE vir hom gesê: Staans op, gaan af in die laer, want Ek gee dit in jou hand.

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftesvolk wat as volg bely en gedefinieer is:
 - 1.1. Opsomming van wet:

Mat. 22:35-40 [1933/53 Afrikaanse Bybel]
 35 En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:
 36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?
 37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
 38 Dit is die eerste en groot gebod.
 39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
 40 Aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete.
 - 1.2. Bely dat JaHshua die Messias [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JaHWeH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die Ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].
 - 1.3. Die Geloftesvolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernameklik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftesvolk. Alhoewel ons ook as Boervolk en Afrikanervolk bekend staan, vind ons grootste en vernamekste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas!
2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.
3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die uitnodiging vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.
4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.
5. Geen persone of instansies mag verkleiner of bevorder word nie.
6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertrou is.
7. Die vergaderings distansieer hul van enige gewelddoed teen die huidige bestel, wat 'n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende deelname of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.
8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftesvolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernameklik:
 - 8.1. Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
 - 8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftesvolk in stand te hou.
 - 8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftesvolk, Skrifgefundeerde (op Bybel gegrond) moet wees.
 - 8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.
 - 8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:
 - 8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet, par.77.2 en verder.

Spreuke 16:33 In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE [JHWH]. [1933/53 Afrikaanse Vertaling.]

8.5.2. Die vergadertye van die Geloftesvolk is in ooreenstemming met:

Deut.16:16 Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE [JHWH] jou God [El] verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE [JHWH] verskyn nie; [1933/53 Afrikaanse Vertaling.]

9. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf geskied by wyse van hetsy, plakkate, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, elektroniese media- en platvorms, en persoonlike uitnodigings.

Eindnotas

VOLKSVERKLARING

Die Geloftesvolk Koördineringskomitee reik hiermee die volgende verklaring uit met betrekking tot besluite wat tydens die Volksvergadering van die Geloftesvolk van Suid Afrika geneem is te Vegkop Geloftesfeesterrein, 25 - 27 September 2009:

Die Volksvergadering verklaar as volg:

Besluite:

1. Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
2. Dit noodsaaklik is dat alle huidige middele wat tans aangewend kan word om die Geloftesvolk in stand te hou, op alle lewensterreine benut moet word.
3. Dit noodsaaklik is dat die Geloftesvolk 'n soewerein-vrye volk moet word.
4. Dat die grondslag waarop die toekomstige vryheid van die Volk gebou word, regverdigbaar is.
5. Die vrywording van die Geloftesvolk binne bereik is.
6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftesvolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
7. Dat die oproep en ordening van die vergadering aan die byeenkoms legitimiteit verleen as 'n Volksvergadering.
8. Dat 'n volksdatabasis dringend tot stand gebring moet word, sodat die Geloftesvolk doeltreffend kan kommunikeer - as 'n eerste stap op pad na vryheid.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.
10. Die vergadering besluit dat die instelling van 'n Reddingsdaadfonds deur die voortsettingskomitee ondersoek sal word.
11. Die vergadering gee opdrag dat die komitee aandag sal skenk aan volksverootmoediging.

-
12. Die vergadering gee opdrag dat die Volk ingelig sal word oor die besluite van die Volksvergadering.
 13. Die vergadering stel 'n voortsettingskomitee saam om uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is. Die voortsettingskomitee sal as die Geloftevolk Koördineringskomitee bekend staan, en kry opdrag om die volgende Volksvergadering byeen te roep, so gou as wat prakties moontlik is.
 14. Na aanleiding van 'n uitspraak wat vanuit die gehoor gemaak is, het die vergadering hul eenparig gedistansieër van die gebruik van gewapende geweld in die vrywordingsproses.
 15. Die komitees sal te alle tye 'n oop-deur-beleid handhaaf, sodat Volksgenote deurlopend insette kan lewer.
 16. Die vergadering gee goedkeuring daaraan dat Geloftefees-komitees of komitees wat volksbyeenskomste reël, voortdurend inligting kan aanvra vanaf die koördineringskomitee om aan hulle vergaderings bekend te maak.
 17. Die vergadering erken deurgaans die Geloftevolk se volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader en eer Hom vir die ordelike verloop van die volksvergadering.

Mosies:

1. Die vergadering van die Geloftevolk bevestig dat hul met groot deernis dink aan die seuns van ons volk wat tans in die gevangenis verkeer, of reeds gevangenisstraf uitgedien het. Die vergadering verseker hierdie seuns van die besef by hulle volksgenote dat die beproewing wat hulle deurgaans, nie die gevolg is van die nastrewing van eie belang nie, maar die gevolg is van die brandende versugting na vryheid. Die vergadering dra hulle op in ons Gebede.
2. Die vergadering verklaar hiermee dat teen die agtergrond van die vryheid en immuniteit wat misdadigers in die huidige samelewing geniet, die voortgesette aanhouding van ons volk se seuns 'n simboliese gebaar van die Staat is, waardeur hul die huidige onderwerping van die Geloftevolk demonstreer. Die vergadering stel dit onomwonde dat die algemene beskouing van reg en geregtigheid vereis dat ons volk se seuns onverwyld vrygelaat word.
3. Die vergadering van die Geloftevolk verklaar hiermee dat die volk in rou verkeer oor al ons volksgenote wat vermoor is in hierdie volksvreemde Staatsbestel. Die vergadering spreek sy innige meegevoel uit teenoor die geliefdes van ons vermoorde volksgenote, asook teenoor hulle wat oor die jare slagoffers was van roof, pogings tot moord, en aanrandings met die doel om ernstig te beseer.

Die Geloftevolk Koördineringskomitee

10 Oktober 2009

Dagbestuur

Dr Ronnie van der Merwe 073 557 3337

Flip Swanepoel 082 455 4303

Frikkie Strauss 082 493 3785 [nie meer betrokke]

www.volksvergadering.co.za

Journal der Expeditie van de uitgewekene Boeren, onder hunnen Hoofd-Kommandant ANDREAS WILHELMUS JACOBUS PRETORIUS, (voormaals van Graaff-Reinet,) tegen DINGAAN, Koning der Zoolas, in de maand November en December 1838;—ondernomen met oogmerk om wraak te nemen, wegens den wreedaarstigsten en onmenschelyksten moord van het gewezen Hoofd der Uitgewekenes, PIETER RETIEF, en zyne zestig medgezellen, en de daarop gevolgde onmenschelyke slagting, van mannen, vrouwen en kinderen, gepleegd door DINGAAN, en zyn volk;—alsmede ter herovering der goederen en bezittingen, by die gelegenheid, door hen geroofd.

Het Journal is gehouden door den Hr. J. G. BANTJES, den Klerk des Volks Raads, die gedurende de expeditie als Secretaris van den Hoofd-Kommandant, heeft geageerd:—

Nademaal de Heer ANDREAS WILHS. JACS. PRETORIUS, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zynr manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door wemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizigers verkeerden, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige zaak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, nan te teekenen.

Zoo men het doet, dat ik my haastte, en zond des anderen

Kommandant
meldt Ordon
hoorige offic
de veldkorne
dig tot man
"hoe eene z
een ieder zie
vyaud; dat
het Evange
vernialen v
van God l
vaardigheid
onderhoort
ne dienst
dat zy den
en nalater
Allerhoog
was te mo
broederlic
als in een
ting; dat
handen in
oneenigh
hulp, ont
nerde he
Onder al
demosijes
Vrouwen
De op
stel van
te geven
had;—
zulke d
God de
dat wy
wolven
moeten
verstar
zoowel
Hoofd
dat hy
behoo
zyn op
in het
om d
sluite